

# PolyMathic

Die beste eksamen voorbereiding  
Kry 20x vraestelle, 20x Memos en  
Videos waarin elke vraag stap-vir-stap  
verduidelik word vir slegs R25pm

Vir meer inligting gaan na:  
[PolyMathic.co.za](http://PolyMathic.co.za) of  
Whatsapp: 081 697 6555

**Lees asseblief die  
inligting op die  
volgende bladsy  
aandagtig deur!**

# Jou Handleiding

**Hierdie is jou “handleiding”, lees hom asseblief deeglik deur.**

1. Hierdie PDF bestaan uit 10 vraestelle en 10 memos.
2. Die vraestelle en memos is gerangskik as Vraestel 1/Memo1/ Vraestel 2/Memo 2 ens.
3. Voor elke vraestel is ’n blad wat aandui dat jy met ’n nuwe vraestel en memo begin.
4. Die voorblaaie, formule en instruksies bladsye is verwyder om papier te spaar. Direk na hierdie bladsy is ’n enkele “instruksies” en “formule - blad.
5. Moet asseblief nie onnodig print nie. Probeer hiermee werk sonder om te print, dit sal ongelooflik wees vir die omgewing (en jou gatsak – ink en papier is duur).
6. Hierdie is vorige skool en departementele vraestelle wat verniet beskikbaar is op die internet. Dit beteken dat daar foute is in die memos maar dat dit reg is in die video’s. Dit beteken ook jy kan hierdie pdf deel maar nie verkoop nie (jy het nie hierdie pdf by ons gekoop nie – maar die video’s).
7. Jy gaan die meeste baat vind by hierdie program as jy die vraestelle uitwerk asof jy in ’n eksamen sit (in die voorgeskrewe tyd en sonder hulp van jou handboek). Merk dit dan met die memos en kyk laastens die video’s van die vrae wat jy nie verstaan nie.
8. Die Video’s is beskikbaar op ons webblad: PolyMathic waar jy die betaling gemaak het. Gebruik die epos en Password wat jy gebruik het met “signup” om in te teken, gaan dan na “dashboard” en laastens klik jy op die “course”.
9. Ek maak ook foute – daar is definitief foute wat deurglip. As jy dink iets is nie reg nie – kontak my! Jy het my nommer. Of klik op “questions and answers” op die kursus en laat weet my so.
10. Die belangrikste van alles kragtens jou subskripsie. Jy subskripsie hardloop van die dag wat jy gekoop het, tot die dag wat jy hom self kanselleer. Aan die einde van die jaar verwyder ek jou van die graad waarop jy tans is en plaas ek jou op die volgende graad. As jy kies om nie die subskripsie te stop deur die loop van jou skoolloopbaan nie moet

jy steeds onthou om hom te stop aan die einde van Gr12 anders gaan jy verewig aanhou betaal!

11. As enigiets nie werk soos dis moet nie (bv. 'n video wil nie speel nie) laat weet my op WhatsApp of direk op die kursus. Moet asb. nie 'n Facebook comment gaan los iewers nie – dis onmoontlik om by hulle almal uit te kom.

# Instruksies en Inligting

## wat voor op 'n Vraestel

### verskyn.

Hierdie is min of meer hoe die instruksies vooraan elke vraestel lyk.

**LEES DIE BLAD OP JOU AMPTELIKE VRAESTEL AANDAGTIG DEUR!** Dit gaan waarskynlik effens verskil van die een.

Tyd: (dis hoe lank jy het om die vraestel te voltooi)

Punte: (uit hoeveel die vraestel tel)

1. Skryf jou naam en klas (bv. 11A) op die antwoordboek wat voorsien is.
2. Hierdie vraestel bestaan uit "x" vrae. Beantwoord ALLE vrae in die antwoordboek behalwe Vraag "y" wat op die grafiekpapier wat verskaf is beantwoord moet word. Vul jou naam in die aangeduide spasie bo-aan die grafiekpapier in.
3. Begin elke vraag op 'n nuwe bladsy
4. Nommer die antwoorde PRESIES soos in die vraestel
5. Los 'n lyn oop tussen opeenvolgende vrae.
6. 'n Nie-programmeerbare sakrekenaar mag gebruik word.
7. Jy mag toepaslike Wiskunde instrumente gebruik
8. Gebruik jou formuleblad!
9. Toon alle formules, vervangings en stappe
10. Rond alle antwoorde af tot "z" desimale plekke. (Gewoonlik 2 maar kan verskil).
11. Gee kort motiverings waar nodig
12. Skryf netjies en leesbaar

PolyMathic

Vraestel 1

Okt/Nov

Eksamen

PolyMathic

Beantwoord al die vrae.

Gebruik  $\pi = 3,142$  (of die  $\pi$ -sleutel op jou sakrekenaar).  
Rond in alle berekeninge af tot 2 desimale waar nodig.

$$A = l \times b \quad A = \pi r^2 \quad A = s^2 \quad A = \frac{bh}{2}$$

$$A = P(1 + ni) \quad A = P(1 + i)^n$$

1. Kies die antwoord wat beste pas uit vrae 1.1 tot 1.10 en skryf slegs die vraagnommer en die letter van die antwoord wat beste pas langsaan.

1.1 In Wetenskaplike notasie word 342,6 geskryf as:

- A  $34,26 \times 10^1$       B  $3,426 \times 10^2$   
C  $3,426 \times 10^{-2}$       D  $3,426 \times 100$       (1)

1.2  $\frac{7}{0} = \dots\dots\dots$

- A 0      B 7  
C nie gedefinieer nie      D  $-7$       (1)

1.3  $2^{-3} = \dots\dots$

- A  $-6$       B  $\frac{1}{8}$   
C 8      D  $-1$       (1)

1.4  $- 3^2 \times 2^3 =$

A  $- 6^5$

B  $6^5$

C  $- 72$

D  $72$

(1)

1.5 Die grootte van een buitehoek van 'n reëlmatige negehoek is:

A  $10^\circ$

B  $40^\circ$

C  $70^\circ$

D  $360^\circ$

(1)

1.6 As R80 se footjies tussen Piet en Jan in die verhouding  
Piet : Jan = 3 : 5 verdeel word, is die bedrag wat Piet ontvang :

A R 30

B R 40

C R 50

D R 62,50

(1)

1.7 Die 40 ste getal in die getalpatroon 4; 7; 10; 13 . . . is:

A 40

B 61

C 80

D 121

(1)

1.8 Die saamgestelde rente as R 50 000 teen 12% rente per jaar vir 4 jaar belê word, is:

A R 24 000

B R 28 676

C R 74 000

D R 78 676

(1)

1.9 Die prys van 'n motor is R 60 000 en word verhoog met 15% .  
Wat is die nuwe prys?

A R 9 000

B R 51 000

C R 69 000

D R 90 000


(1)

1.10 'n Man reis 248 km in 4 ure. Sy spoed in km/h is:

- |   |     |   |     |     |
|---|-----|---|-----|-----|
| A | 62  | B | 124 |     |
| C | 248 | D | 992 | (1) |


[10]

2. Bereken die waardes van a en b in die volgende vloeiagram.



[3]

3. Die lyngrafiek hieronder wys die konstante koers van die vloei van water vanaf 'n pomp om 'n 3 500 liter watertenk te vul.



3.1 Skryf 'n geskikte titel vir die grafiek neer. (1)

3.2 Bereken die gradiënt van die lyn. (3)

3.3 Skryf neer die Y-afsnit (Volume-afsnit) van die lyn (1)

3.4 Skryf neer die vergelyking van die lyn. (1)

3.5 Volgens die grafiek neem dit 20 minute om die tenk tot 2 500 liter te vul. Gebruik die vergelyking in vraag 3.4 om hierdie antwoord te bevestig. (2)

3.6 Hoeveel oortollige water het oorgeloop nadat die tenk vol was (2)

[10]


4. Meegaande silindriese tenk is aan die bokant toe. Vir die tenk, bereken:

4.1 Die volume water wat die tenk sal hou as dit vol is.

(3)

4.2 Die buiteoppervlakte wat geverf kan word. (3)

4.3 Hoeveel 5 liter blikke verf moet gekoop word as die tenk met twee lae geverf moet word en as elke 5 liter blik 'n oppervlakte van  $20 \text{ m}^2$  bedek. (3)



[9]

5.1 Wat sal die koördinate van die punt  $Q$  wees as punt  $Q(-3; 8)$  die volgende transformasies ondergaan:

5.1.1 refleksie in die X-as

(1)

5.1.2  $(x; y) \rightarrow (x + 3; y - 8)$


(1)

5.2 In meegaande skets, bepaal die lengte van:

(FOUT – Daar is 'n fout in hierdie skets, doen vraag 5.2.1 en bepaal dan wat hierdie fout is (antw word gegee in die video)).

5.2.1 AC (3)


5.2.2 AD (3)



[8]



6. Die dubbele staafgrafiek toon die aantal seuns en meisies in 'n skool vir elke graad.



- 6.1 Hoeveel leerders is in graad 8? (2)
- 6.2 Hoeveel seuns is in graad 11? (1)
- 6.3 In watter graad is daar meer seuns as meisies? (2)
- 6.4 Hoeveel leerders is daar in die skool? (2)
- 6.5 Watter persentasie van die leerders is meisies? (3)

[10]

7. Die volgende is punte (uit 10) wat 'n groep van 15 leerders in 'n klastoets behaal het:

7; 3; 8; 9; 5; 10; 7; 6; 4; 2; 7; 5; 8; 7; 3

- 7.1 Rangskik die punte in volgorde van klein na groot. (2)
- 7.2 Bepaal die volgende:
- 7.2.1 mediaan (2)

- 7.2.2 modus (1)
- 7.2.3 omvang (2)
- 7.2.4 rekenkundige gemiddeld (3)
- 7.2.5 eerste kwartiel (2)
- 7.2.6 derde kwartiel (2)
- 7.2.7 interkwartiel omvang (2)

[16]

8. Gedurende die sokker wêreldbeker hou die skoolhoof 'n gelukstrekking in die saal. Al die leerlinge van die skool se name word op 'n stukkie papier geskryf en in 'n kartondoos gegooi. Hy trek 'n leerder se naam en plaas dan elke keer die papier met die naam terug in die kartondoos. Hy doen drie gelukkige trekkings na mekaar.

Die volgende gegewens is oor die leerlinge beskikbaar.

	Seun		Meisie	
Kleur van oë	Blou	Bruin	Blou	Bruin
Aantal	110	200	150	180

Bereken die volgende waarskynlikhede. (Skryf die antwoorde eers as breuke in die eenvoudigste vorm en dan as 'n desimale breuk tot drie desimale waar nodig:

- 8.1 Met die eerste trekking dat die gelukkige wenner 'n:
- 8.1.1 seun sal wees (2)
- 8.1.2 'n meisie met bruin oë sal wees (2)
- 8.1.3 Met die tweede trekking dat die gelukkige wenner weer 'n meisie met bruin oë sal wees as die wenner met die eerste trekking ook 'n meisie met bruin oë was. (3)

[7]

9. Die vyf groot katte in die wêreld is die leeu, die jaguar, die luiperd, die sneeuluiperd en die tier

Dierekenners wou uitvind of daar 'n korrelasie tussen hulle massa en hoogte (tot by die skouer) is. Drie van elk van die vyf soorte katte is gevang, geweeg en gemeet. Die tabel hieronder toon die inligting.

	leeu			jaguar			luiperd			sneeuluiperd			tier		
	1	2	3	1	2	3	1	2	3	1	2	3	1	2	3
Massa (kg)	90	125	80	45	90	100	75	50	65	55	55	65	95	120	110
Hoogte (cm)	60	85	55	30	55	55	50	35	45	40	35	40	65	80	70

- 9.1 Gebruik die data om 'n spreidingsdiagram van die massa teenoor die hoogte op die aangehegte grafiekpapier te teken. (7)
- 9.2 Trek 'n lyn van beste passing op die spreidingsdiagram (1)
- 9.3 Gebruik die lyn van beste passing en bepaal die geraamde hoogte van 'n Jaguar met massa 105 kg? (2)

[10]

10. Vereenvoudig:

10.1  $3(2b^2 - 3b + 5)$  (3)

10.2  $(2p^2 - 3)(p + 4)$  (4)

10.3  $(3y - 2)^2 - (2y - 3)(2y + 3) - 5y^2 - 13$  (5)

[12]

11.1 Faktoriseer volledig:

$$11.1.1 \quad 3a^3 - 27a^2 \quad (2)$$

$$11.1.2 \quad p^2(a - b) - q^2(a - b) \quad (3)$$

$$11.1.3 \quad 2 - 18p^2 \quad (3)$$

11.2 Bereken die waarde van  $97^2 - 3^2$  sonder om van 'n sakrekenaar of langvermenigvuldiging gebruik te maak. Gebruik die verskil tussen twee kwadrate. (3)

11.3 Faktoriseer en vereenvoudig:

$$\frac{m(a + b) - n(b + a)}{2a + 2b} \quad (3)$$

11.4 Die oppervlakte van 'n reghoek word gegee deur  $m^2 - n^2$  en die lengte van die reghoek is  $m + n$ . Bepaal die omtrek van die reghoek. (4)

[18]

12. Los op vir die onbekende:

$$12.1 \quad \frac{24}{x} = 3 \quad (2)$$

$$12.2 \quad 5(x - 4) = 60 \quad (4)$$


$$12.3 \quad 15 - 2a = 9a - 7 \quad (4)$$

$$12.4 \quad \frac{m}{5} = \frac{3}{35} + \frac{m + 1}{7} \quad (5)$$

[15]


13. Die som van een derde van 'n getal en die helfte van die getal is 80. Wat is die getal? [3]

- 14.1 In meegaande parallellogram ABCD is  $DE=DC$  en  $\angle DEC = 50^\circ$ .  
Bereken, met redes die waardes van a, b en c




(6)

- 14.2 Bewys, met redes, in meegaande figuur dat  $\triangle ABD = \triangle ACD$



(4)

14.3.1 In meegaande figuur bewys dat  $\triangle PST$  gelykvormig is aan  $\triangle PQR$  (3)




14.3.2 Bereken dan die lengtes van:

14.3.2.1  $PS$  (3)

14.3.2.2  $PT$  (3)

[19]

GEBRUIK DIE GRAFIEKPAPIER SLEGS BY VRAAG 9.1



## Memo

Totaal: 150

1.1 B

1.2 C

1.3 B

1.4 C

1.5 B

1.6 A

1.7 D

1.8 B

1.9 C

1.10 A

10X1= [10]

2.  $a = -19$        $b = -20$

[3]

3.

3.1 Volume van water in tenk teenoor tyd (MOET EINTLIK WEES – “Tempo waarteen ‘n pomp water in ‘n tank in pomp) (1)

3.2  $m = \frac{3000}{30} = 100$  (3)

3.3  $V=500$  (1)

3.4  $V=100t + 500$  (1)


3.5  $V = 100(20) + 500 = 2\ 000 + 500 = 2\ 500$  (2)

3.6 Oortollige water =  $4\ 000 - 3\ 500 = 500$  liter (2)  
(FOUT in my video (sien Vraag 3 vervolg) – 500 liter is reg maar wees bewus daarvan dat die grafiek nie mooi volgens skaal geteken is nie end at jy dit met die vergelykings moet doen soos ek wys op die video)

[10]



$$\begin{aligned}
 4.1 \quad V &= \pi r^2 h & (3) \\
 &= \pi(5)^2(10) \\
 &= 7\,853,98 \text{ m}^3 \\
 &\text{(FOUT – moet } 785,4 \text{ m}^3 \text{ wees)}
 \end{aligned}$$



$$\begin{aligned}
 4.2 \quad \text{Buite oppervlakte} &= 2\pi r h + \pi r^2 & (3) \\
 &= 2\pi(5)(10) + \pi(5)^2 \\
 &= 392,70 \text{ m}^2
 \end{aligned}$$

$$\begin{aligned}
 4.3 \quad \text{Totale oppervlakte wat met 2 lae geverf word} &= 785,4 \text{ m}^2 \\
 \text{Aantal blikke} &= \frac{785,4}{20} = 39,27 \text{ blikke} \\
 &\therefore 40 \text{ blikke moet gekoop word}
 \end{aligned}$$

(3)

[9]

$$5.1.1 \quad (-3; -8) \quad (1)$$

$$5.1.2 \quad (0; 0) \quad (1)$$

$$5.2.1 \quad AC = 15 \text{ (Pyth.)} \quad (3)$$

$$5.2.2 \quad AD = 8 \text{ (Pyth.)} \quad (3)$$

[8]

$$6.1 \quad 55+65=120 \quad (2)$$

$$6.2 \quad 50 \quad (1)$$

$$6.3 \quad 10 \quad (2)$$

$$6.4 \quad 55 + 65 + 75 + 75 + 120 + 80 + 50 + 100 + 66 + 75 = 761 \quad (2)$$

$$6.5 \quad \text{Persentasie meisies} = \frac{345}{761} \times \frac{100}{1} = 45,34\% \quad (3)$$

FOUT – Daar is nie net 345 meisies in die skool nie maar liever (65+75+80+100+75=395)  
 Dus: %Meisies = 395/761x 100 = 51.91% )

[10]

7.1 2; 3; 3; 4; 5; 5; 6; 7; 7; 7; 7; 8; 8; 9; 10 (2)

7.2.1 mediaan = 7 (2)

7.2.2 modus = 7 (1)

7.2.3 omvang =  $10 - 2 = 8$  (2)

7.2.4 rekenkundige gemiddeld =  $\frac{91}{15} = 6,07$  (3)

7.2.5 eerste kwartiel = 4 (2)

7.2.6 derde kwartiel = 8 (2)

7.2.7 interkwartiel omvang =  $8 - 4 = 4$  (2)

[16]

8.1.1  $P(\text{seun}) = \frac{310}{640} = \frac{31}{64} = 0,484$  (2)


8.1.2  $P(\text{meisie met bruin oë}) = \frac{180}{640} = \frac{9}{32} = 0,281$  (2)

8.1.3  $P(\text{meisie met bruin oë, meisie met bruin oë}) = \frac{9}{32} \times \frac{9}{32} = \frac{81}{1024} = 0,079$  (3)

[7]

9.1 en 9.2

(7)



9.3 Die geraamde hoogte van 'n Jaguar met massa 105 kg = 65 cm

(2)

[10]

10.1  $3(2b^2 - 3b + 5) = 6b^2 - 9b + 15$

(3)

10.2  $(2p^2 - 3)(p + 4) = 2p^3 + 8p^2 - 3p - 12$

(4)

10.3  $(3y - 2)^2 - (2y - 3)(2y + 3) - 5y^2 - 13$

(5)

$$= 9y^2 - 12y + 4 - (4y^2 - 9) - 5y^2 - 13$$

$$= 9y^2 - 12y + 4 - 4y^2 + 9 - 5y^2 - 13$$

$$= -12y$$

[12]

$$\begin{aligned}
 11.1.1 \quad & 3a^3 - 27a^2 && (2) \\
 & = 3a(a^2 - 9) \\
 & = 3a(a - 3)(a + 3) \\
 & \text{(FOUT - antw: } 3a^2(a - 9) \text{)}
 \end{aligned}$$

$$\begin{aligned}
 11.1.2 \quad & p^2(a - b) - q^2(a - b) && (3) \\
 & = (a - b)(p^2 - q^2) \\
 & = (a - b)(p - q)(p + q)
 \end{aligned}$$

$$\begin{aligned}
 11.1.3 \quad & 2 - 18p^2 && (3) \\
 & = 2(1 - 9p^2) \\
 & = 2(1 - 3p)(1 + 3p)
 \end{aligned}$$

$$\begin{aligned}
 11.2 \quad & 97^2 - 3^2 && (3) \\
 & = (97 - 3)(97 + 3) \\
 & = 94(100) \\
 & = 9\,400
 \end{aligned}$$

$$\begin{aligned}
 11.3 \quad & \frac{m(a + b) - n(b + a)}{2a + 2b} && (3) \\
 & = \frac{(a + b)(m - n)}{2(a + b)} \\
 & = \frac{m - n}{2}
 \end{aligned}$$

$$\begin{aligned}
 11.4 \quad & \text{Breedte} = \frac{m^2 - n^2}{m + n} && (4) \\
 & = \frac{(m - n)(m + n)}{(m + n)} \\
 & = m - n
 \end{aligned}$$

Omtrek van rechhoek

$$= 2(m + n) + 2(m - n) = 2m + 2n + 2m - 2n = 4m$$

$$12.1 \quad \frac{24}{x} = 3 \quad (2)$$

$$\therefore 3x = 24$$

$$\therefore x = \frac{24}{3}$$

$$= 8$$

$$12.2 \quad 5(x - 4) = 60 \quad (4)$$

$$\therefore 5x - 20 = 60$$

$$\therefore 5x = 60 + 20$$

$$= 80$$

$$\therefore x = \frac{80}{5}$$

$$= 16$$

$$12.3 \quad 15 - 2a = 9a - 7 \quad (4)$$

$$\therefore -2a - 9a = -7 - 15$$

$$\therefore -11a = -22$$

$$\therefore a = \frac{-22}{-11}$$

$$= 2$$

$$12.4 \quad \frac{m}{5} = \frac{3}{35} + \frac{m+1}{7} \quad (5)$$

$$\times 35 \quad 7m = 3 + 5(m+1)$$

$$= 3 + 5m + 5$$

$$7m - 5m = 3 + 5$$

$$2m = 8$$

$$\therefore m = \frac{8}{2}$$

$$= 4$$

13. Stel die getal = x

[15]

$$\frac{x}{3} + \frac{x}{2} = \frac{80}{1}$$

$$\times 6 \quad 2x + 3x = 480$$

$$5x = 480$$

$$x = \frac{480}{5}$$

$$= 96$$

Dus die getal is 96


14.1  $a = 50^\circ$  ( $DE = DC$ )

$b = 50^\circ$  (verw  $\angle^e$ ,  $AD \parallel BC$ )

$c = 80^\circ$  (ko – binnehoek  $AB \parallel DC$ )

(6)

14.2



(4)

In  $\triangle ABD$  en  $\triangle ACD$  is

(i)  $BA = CA$  (gegeef)

(ii)  $\angle BAD = \angle CAD$  (gegeef)

(iii)  $AD$  is gemeen

$\therefore \triangle ABD = \triangle ACD$  (s,  $\angle$ , s)

14.3.1

In  $\triangle PST$  en  $\triangle PQR$  is

(i)  $\angle PST = \angle Q$  (ooreenk,  $ST \parallel QR$ )

(ii)  $\angle P$  is gemeen

$\therefore \triangle PST \sim \triangle PQR$  ( $\angle$ ,  $\angle$ )

14.3.2.1

$$\frac{PS}{PQ} = \frac{ST}{QR}$$

(3)

$$\frac{PS}{24} = \frac{5}{20}$$

$$\begin{aligned} \therefore 20PS &= 24 \times 5 \\ &= 120 \end{aligned}$$

$$\therefore PS = \frac{120}{20}$$

$$= 6$$

14.3.2.2 Stel  $PT = a$ 

(3)

$$\frac{PT}{PR} = \frac{ST}{QR}$$

$$\frac{a}{a + 21} = \frac{5}{20}$$

$$5(a + 21) = 20a$$

$$5a + 105 = 20a$$

$$5a - 20a = -105$$

$$-15a = -105$$

$$a = \frac{-105}{-15}$$

$$= 7$$

$$\therefore PT = 7$$



PolyMathic

Vraestel 2

Okt/Nov

Eksamen

PolyMathic

# Graad 9 November Eksamen - Totaal: 140

## VRAAG 1

1.1 Watter desimale getal is gelyk aan  $\frac{3}{5}$ ?

- A 0,8
- B 0,6
- C 0,53
- D 0,35

(1)

1.2  $\frac{4}{100} + \frac{3}{1\ 000} =$

- A 0,043
- B 0,1043
- C 0,403
- D 0,43

(1)

1.3 36 geskryf as 'n produk van priemfaktore is ...

- A  $6 \times 6$
- B  $4 \times 9$
- C  $4 \times 3 \times 3$
- D  $2 \times 2 \times 3 \times 3$

(1)

1.4 Tussen watter 2 opeenvolgende heelgetalle is die waarde van  $\sqrt{61}$ ?

- A 6 en 7
- B 7 en 8
- C 8 en 9
- D 9 en 10

(1)

1.5 Watter een van die metodes toon die korrekte werkwyse om  $\frac{1}{5} - \frac{1}{3}$  te vind?

A  $\frac{1}{5} - \frac{1}{3} = \frac{1-1}{5-3}$

B  $\frac{1}{5} - \frac{1}{3} = \frac{1}{5-3}$

C  $\frac{1}{5} - \frac{1}{3} = \frac{5-3}{5 \times 3}$

D  $\frac{1}{5} - \frac{1}{3} = \frac{3-5}{5 \times 3}$

(1)

1.6 Watter van hierdie getallessinne is waar?

A  $\frac{3}{10}$  van 50 = 50% van 3

B 3% van 50 = 6% van 100

C  $50 \div 30 = 30 \div 50$

D  $\frac{3}{10} \times 50 = \frac{5}{10} \times 30$

(1)

1.7 'n Werker sny  $\frac{1}{5}$  van 'n pyp af. Die stuk wat hy afsny is 3 meter lank.

Hoeveel meter was die oorspronklike pyp?

A 8 m

B 12 m

C 15 m

D 18 m


(1)

1.8 Wat beteken  $xy + 1$ ?

- A Tel 1 by  $y$  en vermenigvuldig dan met  $x$ .
- B Vermenigvuldig  $x$  en  $y$  met 1.
- C Tel  $x$  en  $y$  bymekaar en tel 1 by.
- D Vermenigvuldig  $x$  en  $y$  en tel 1 by.

(1)


1.9 Watter punt se koördinate kan  $(2; -4)$  wees in die onderstaande Kartesiese vlak?



- A P
- B Q
- C R
- D S

(1)

1.10



Lyne AB en CD is ewewydig. Wat is die waarde van  $t$ ?

- A            50
- B            60
- C            70
- D            40

(1)

[10]

VRAAG 2

2.1 Voltooi:

2.1.1 \_\_\_\_\_ is die kleinste priemgetal. (1)

2.1.2 \_\_\_\_\_ is die KGV van 4, 8 en 12. (1)

2.2 Skryf die GGF van 12 en 18 neer.

\_\_\_\_\_  
\_\_\_\_\_ (1)

2.3 Skryf 0,000 000 319 in wetenskaplike notasie.

\_\_\_\_\_ (2)

2.4 Toon die stappe van berekening om elk van die volgende te bereken:

2.4.1  $2^3 \times 2^1$   
\_\_\_\_\_ (2)

2.4.2  $\frac{3^2 \times 5^4}{5^3}$   
\_\_\_\_\_  
\_\_\_\_\_ (2)

2.4.3  $2^{-2} + \left(\frac{1}{2}\right)^0$   
\_\_\_\_\_  
\_\_\_\_\_ (3)

[12]

### VRAAG 3

3.1 Vereenvoudig elk van die volgende uitdrukkinge:

3.1.1  $3(x - 1) - 4(x - 2)$

---

---

(3)

3.1.2  $(x + 3)^2 + 4$

---

---

---

(4)

3.2 Vereenvoudig:

3.2.1  $\frac{5x^3 \times (2x)^2}{20x^4}$  indien  $x \neq 0$

---

---

---

(3)

3.2.2  $\frac{3x + 2}{2} + \frac{3 + x}{3} - \frac{7}{6}$

---

---

---

(4)

[14]

#### VRAAG 4

Faktoriseer volledig:

4.1  $x^2 - xy$

\_\_\_\_\_ (2)

4.2  $2(x + y) - t(x + y)$

\_\_\_\_\_ (2)

4.3  $x^2 - 81$

\_\_\_\_\_ (2)

4.4  $x^2 + 7x + 6$

\_\_\_\_\_ (2)

[8]



VRAAG 5

Los op vir  $x$ :

5.1  $2x + 6 = 0$

---

---

(2)

5.2  $\frac{2x-1}{3} + x + 2 = 0$

---

---

---

---

(4)

5.3  $(x + 4)(x - 4) = 0$

---

---

---

(4)

5.4  $x^2 + x - 6 = 0$

---

---

---

(4)

[14]

VRAAG 6

6.1 Voltooi die onderstaande tabel:

$x$	1	2	3	4	6
$y$	-3	-5	-7	-9	

(1)

6.2 Skryf die waarde van  $y$  in terme van  $x$  neer, om die verwantskap tussen  $x$  en  $y$  in die bostaande tabel te beskryf.

$y =$  \_\_\_\_\_

(2)

6.3 Bepaal die waarde van  $x$  as  $y = -51$  in die bostaande tabel.

\_\_\_\_\_

\_\_\_\_\_

\_\_\_\_\_

(3)

[6]

VRAAG 7

7.1 Gebruik die vergelyking  $y = 2x - 1$  om die waardes van  $y$  in die onderstaande tabel te bereken.

$x$	-1	0	3
$y$			

(3)


7.2 Die punte  $A(-1; -2)$ ,  $B(0;1)$  en  $C(1;4)$  word gegee.

7.2.1 Stip die punte A, B en C op die onderstaande rooster.

(3)

7.2.2 Trek 'n reguit lyn deur die punte A, B en C.

(1)



7.2.3 Bereken die gradiënt van die reguit lyn deur punte A, B en C.

---

---

---

(3)

7.2.4 Bepaal die vergelyking van 'n reguit lyn wat ewewydig aan die reguit lyn deur punte A, B en C getrek word, as dit deur die punt (0; 4) gaan.

---

---

---

(3)

[13]

#### VRAAG 8

8.1 9 boeke kos R135. Bereken die koste van 15 van dieselfde boeke.

---

---

---

(3)

8.2 Peter kry 48 uit 60 vir 'n wiskunde toets. Bereken sy persentasie vir die toets.

---

---

(2)

8.3 Vermeerder R1 200 met 20%.

---

---

---

(2)

8.4 Bereken die rente op 'n belegging van R10 000 wat vir 3 jaar belê word teen 6,5% saamgestelde rente per jaar.

Jy mag die formule  $A = P\left(1 + \frac{r}{100}\right)^n$  of  $A = P(1 + i)^n$  of enige ander metode gebruik.

---



---



---



---



---

(5)

[12]

### VRAAG 9

9.1 Kies 'n woord uit die onderstaande lys slegs een keer om elke sin te voltooi.

kongruent    gelykvormig    gelykbenige    stomphoekige    reghoekige

9.1.1 In  $\Delta ABC$  is  $AB = AC$ . Dit beteken dat  $\hat{B} = \hat{C}$  en dat  $\Delta ABC$  'n \_\_\_\_\_ driehoek is

(1)

9.1.2 In  $\Delta ABC$  is  $\hat{A} = 40^\circ$  en  $\hat{C} = 30^\circ$ . Dit beteken dat  $\hat{B} = 110^\circ$  en dat  $\Delta ABC$  'n \_\_\_\_\_ driehoek is.

(1)


9.1.3 In  $\Delta ABC$  is  $AB = 13$  cm,  $AC = 5$  cm en  $BC = 12$  cm. Dit beteken dat  $\Delta ABC$  'n \_\_\_\_\_ driehoek is.

(1)

9.1.4 In  $\Delta ABC$  en  $\Delta PQR$  is  $\hat{A} = \hat{P}$  en  $\hat{B} = \hat{Q}$ . Dit beteken dat die driehoeke \_\_\_\_\_ is.

(1)

9.2 In die vierhoek ABCD is  $AB \parallel DC$




Voltooi die onderstaande tabel.

	Bewering	Rede
9.2.1	$\hat{B}_1 = \underline{\hspace{2cm}}$	ooreenk. $\angle e$ en $AB \parallel DC$
9.2.2	$\hat{D}_2 = \underline{\hspace{2cm}}$	verw. $\angle e$ en $AB \parallel DC$

(2)

9.3 In  $\triangle ABC$  is  $\hat{A} = 60^\circ$  en  $\hat{C} = 40^\circ$ .




Voltooi die tabel om die grootte van  $\hat{B}$  te bereken.

Bewering	Rede
	som van $\angle e$ van $\triangle$

(2)

9.4 In die figuur is  $\widehat{B}_2 = 118^\circ$  en  $\widehat{D}_2 = 126^\circ$ .



Voltooi die tabel om die grootte van  $\widehat{A}$  te bereken.

Bewering	Rede
$\widehat{B}_1 = 180^\circ - 118^\circ = 62^\circ$	
$\widehat{B}_1 + \widehat{A} = \underline{\hspace{2cm}}^\circ$	

(5)

[13]

VRAAG 10

10.1 Skryf die vier voorwaardes vir twee driehoeke om kongruent te wees, neer.

---



---




---



---

(4)

10.2 In  $\triangle ABC$  is  $AT \perp BC$  en  $BT = TC$ .



Voltooi die onderstaande tabel om te bewys dat  $\triangle ABT \equiv \triangle ACT$ .

Bewering	Rede
In $\triangle ABT$ en $\triangle ACT$ :	
	gegee
	gegee $AT \perp BC$
	gemeenskaplik
$\therefore \triangle ABT \equiv \triangle ACT$	


(4)

[8]



VRAAG 11

11.1 In  $\triangle ABC$  hieronder is  $DE \parallel BC$ .



Voltooi die tabel hieronder om te bewys dat  $\triangle ABC \parallel \triangle ADE$ .

Bewering	Rede
In $\triangle ABC$ en $\triangle ADE$ :	
11.1.1	
11.1.2	
11.1.3	
$\therefore \triangle ABC \parallel \triangle ADE$	11.1.4

(7)

11.2 As  $\triangle DEF \sim \triangle KLM$ ,  $DE = 2,5$  cm,  $EF = 7$  cm en  $KL = 5$  cm, bereken die lengte van LM.


Bewering	Rede
	eweredige sye van gelykvormige driehoeke

(5)

[12]

### VRAAG 12

12.1 In  $\triangle PQR$  is  $PT \perp QR$ ,  $PQ = 10$  cm,  $QT = 6$  cm en  $TR = 15$  cm.



12.1.1 Bereken die lengte van PT.

---



---



---



---

(4)

12.1.2 Gebruik die diagram in 12.1 om die lengte van PR te bereken.

---

---

---

---

(4)

12.2 Die oppervlakte van 'n sirkel is gelyk aan  $\pi r^2$ .

Bereken die lengte van die radius van die sirkel as die oppervlakte van die sirkel =  $120,7 \text{ cm}^2$ . Skryf die antwoord korrek tot 2 desimale plekke.


---

---

---

(3)

12.3 In  $\Delta ABC$  is  $AD \perp BC$ ,  $BC = 24 \text{ cm}$  en  $AD = 10 \text{ cm}$ .



12.3.1 Bereken die oppervlakte van  $\Delta ABC$ .

---

---

---

(2)

12.3.2 Hoeveel keer sal die oppervlakte van  $\Delta ABC$  in 12.3 vergroot word as  $BC = 48 \text{ cm}$  en  $AD = 20 \text{ cm}$ ?

---

---

(1)  
[14]

VRAAG 13

Die omtrek van 'n reghoek is  $46 \text{ cm}$ . As die lengte =  $(2x + 5) \text{ cm}$  en die breedte =  $(x + 6) \text{ cm}$ , bereken die oppervlakte van die reghoek.

---

---

---

---

---

---

---

---

---

---

---

(4)

[4]

**TOTAAL: 140**

# Memo

## VRAAG 1

1.	1.1	<b>B</b>	1.2	<b>A</b>	1.3	<b>D</b>	1.4	<b>B</b>	1.5	<b>D</b>	Gee 1 punt vir elke korrekte antwoord.	<b>[10]</b>
	1.6	<b>D</b>	1.7	<b>C</b>	1.8	<b>D</b>	1.9	<b>C</b>	1.10	<b>A</b>		

## VRAAG 2

2.1.1	2✓ <b>A</b>		Antwoord: 1 punt	(1)
2.1.2	24✓ <b>A</b>		Antwoord: 1 punt	(1)
2.2	GGF is 6 ✓ <b>A</b>		Antwoord: 1 punt	(1)
2.3	3,19✓ × 10 <sup>-7</sup> ✓ <b>A</b>		3,19: 1 punt 10 <sup>-7</sup> : 1 punt Slegs antwoord: 2 punte	(2)
2.4.1	$2^3 \times 2^1$ $= 2^4$ ✓ <b>A</b> $= 16$ ✓ <b>KA</b>	of $2^3 \times 2^1$ $= 8 \times 2$ ✓ <b>A</b> $= 16$ ✓ <b>KA</b>	Berekening: 1 punt Antwoord: 1 punt  Slegs antwoord: 2 punte	(2)
2.4.2	$\frac{3^2 \times 5^4}{5^3}$ $= 9 \times 5$ ✓ <b>A</b> $= 45$ ✓ <b>KA</b>		Berekening: 1 punt Antwoord: 1 punt  Slegs antwoord: 2 punte	(2)
2.4.3	$2^{-2} + \left(\frac{1}{2}\right)^0$ $= \frac{1}{4} + 1$ ✓ <b>A</b> $= 1\frac{1}{4}$ ✓ <b>KA</b> of $\frac{5}{4}$ ✓ <b>KA</b> of 1,25✓ <b>KA</b>		$\frac{1}{4}$ of 0,25: 1 punt 1: 1 punt Antwoord: 1 punt  Slegs antwoord: 3 punte	(3)
				<b>[12]</b>

**VRAAG 3**

3.1.1	$3(x - 1) - 4(x - 2)$ $= 3x - 3 - 4x + 8 \checkmark \checkmark \text{M}$ $= -x + 5 \checkmark \text{KA}$ <p><b>LET WEL AS:</b></p> $3x - 3 \checkmark - 4x - 8$ $= -x - 5, \text{ gee 1 punt uit 3}$ <p>of</p> $3x - 3 \checkmark - 4x - 8$ $= -x - 11 \checkmark, \text{ gee 2 punte uit 3}$	$3x - 3 : 1 \text{ punt}$ $-4x + 8 : 1 \text{ punt}$ Antwoord: 1 punt	(3)
3.1.2	$(x + 3)^2 + 4$ $= x^2 + 6x + 9 + 4 \checkmark \checkmark \checkmark \text{M}$ $= x^2 + 6x + 13 \checkmark \text{KA}$	$x^2 : 1 \text{ punt}$ $6x : 1 \text{ punt}$ $9 : 1 \text{ punt}$ Antwoord: 1 punt	(4)
3.2.1	$\frac{5x^3 \times (2x)^2}{20x^4} \quad \text{of} \quad \frac{5x^3 \times (2x)^2}{20x^4}$ $= \frac{5x^3 \times 4x^2}{20x^4} \checkmark \text{M}$ $= \frac{20x^5}{20x^4} \checkmark \text{KA}$ $= x \checkmark \text{KA}$	$4x^2 : 1 \text{ punt}$ Vereenvoudiging: 1 punt Antwoord: 1 punt	(3)
3.2.2	$\frac{3x+2}{2} + \frac{3+x}{3} - \frac{7}{6}$ $= \frac{3(3x+2)+2(3+x)-7}{6} \checkmark \checkmark \text{M}$ $= \frac{9x+6+6+2x-7}{6} \checkmark \text{KA}$ $= \frac{11x+5}{6} \checkmark \text{KA}$	Indien geen noemer: 0 punte Kleinste Gemene Deler = 6 : 1 punt Aanvaar enige veelvoud van 6 as noemer. $3(3x + 2) + 2(3 + x) - 7 : 1 \text{ punt}$ Vereenvoudiging: 1 punt Antwoord: 1 punt	(4)
			<b>[14]</b>

**VRAAG 4**

4.1	$x^2 - xy$ $= x(x - y) \checkmark \checkmark \text{A}$	$x : 1 \text{ punt}$ $(x - y) : 1 \text{ punt}$	(2)
4.2	$2(x + y) - t(x + y)$ $= (x + y)(2 - t) \checkmark \checkmark \text{A}$	$(x + y) : 1 \text{ punt}$ $(2 - t) : 1 \text{ punt}$	(2)
4.3	$x^2 - 81$ $= (x - 9)(x + 9) \checkmark \checkmark \text{A} \text{ of } (x + 9)(x - 9) \checkmark \checkmark \text{A}$	$(x - 9) : 1 \text{ punt}$ $(x + 9) : 1 \text{ punt}$	(2)
4.4	$x^2 + 7x + 6$ $= (x + 6)(x + 1) \checkmark \checkmark \text{A} \text{ of } (x + 1)(x + 6) \checkmark \checkmark \text{A}$	$(x + 6) : 1 \text{ punt}$ $(x + 1) : 1 \text{ punt}$	(2)
			<b>[8]</b>

**VRAAG 5**


5.1	$2x + 6 = 0$ $2x = -6 \checkmark \mathbf{M}$ $\therefore x = -3 \checkmark \mathbf{KA}$	$2x = -6$ : 1 punt Antwoord: 1 punt Slegs antwoord : 2 punte	(2)
5.2	$\frac{2x-1}{3} + x + 2 = 0$ x met 3 $2x - 1 + 3x + 6 = 0 \checkmark \mathbf{M}$ $5x + 5 = 0 \checkmark \mathbf{KA}$ $5x = -5 \checkmark \mathbf{KA}$ $x = -1 \checkmark \mathbf{KA}$	Vermenigvuldig met KGV: 1 punt Vereenvoudiging: 1 punt $5x = -5$ : 1 punt Antwoord : 1 punt	
	of $\frac{2x-1}{3} + x + 2 = 0$ $\frac{2x-1}{3} = -x - 2 \checkmark \mathbf{M}$ $\times 3: 2x - 1 = -3x - 6 \checkmark \mathbf{KA}$ $5x = -5 \checkmark \mathbf{KA}$ $x = -1 \checkmark \mathbf{KA}$	$RK = -x - 2$ : 1 punt Vermenigvuldig met KGV: 1 punt $5x = -5$ : 1 punt Antwoord: 1 punt	
5.3	$(x+4)(x-4) = 0$ $x+4 = 0$ of $x-4 = 0 \checkmark \checkmark \mathbf{M}$ of $x^2 - 16 = 0 \checkmark \checkmark \mathbf{M}$ $x = -4$ of $x = 4 \checkmark \checkmark \mathbf{A}$ $x^2 = 16$ <span style="margin-left: 350px;"><math>x = \pm 4 \checkmark \checkmark \mathbf{A}</math></span>	$x+4 = 0$ : 1 punt $x-4 = 0$ : 1 punt $x = -4$ : 1 punt $x = 4$ : 1 punt Slegs antwoord : 4 punte	(4)
5.4	$x^2 + x - 6 = 0$ $(x+3)(x-2) = 0 \checkmark \checkmark \mathbf{M}$ $x+3 = 0$ of $x-2 = 0$ $x = -3$ of $x = 2 \checkmark \checkmark \mathbf{KA}$	Faktore: 2 punte $x = -3$ : 1 punt $x = 2$ : 1 punt	(4)
			<b>[14]</b>

**VRAAG 6**

6.1	$-13 \checkmark \mathbf{A}$	Antwoord: 1 punt	(1)
6.2	$y = -2x - 1 \checkmark \checkmark \mathbf{A}$	$-2x$ : 1 punt $-1$ : 1 punt	(2)
6.3	$-2x - 1 = -51 \checkmark \mathbf{KA}$ $-2x = -50 \checkmark \mathbf{KA}$ $\therefore x = 25 \checkmark \mathbf{KA}$	KA vanaf 6.2 Vervanging : 1 punt $-2x = -50$ : 1 punt Antwoord: 1 punt	(3)
			<b>[6]</b>

**VRAAG 7**

7.1	$x$	-1	0	3		
	$y$	$-3 \checkmark \mathbf{A}$	$-1 \checkmark \mathbf{A}$	$5 \checkmark \mathbf{A}$		
					Elke y waarde: 1 punt	(3)

<p>7.2.1</p> <p>7.2.2</p>		<p>Elke punt: 1 punt Reguit lyn: 1 punt Moenie penaliseer as daar nie pylpunte op die lyne is nie of as die punte nie benoem word nie</p>	<p>(4)</p>
<p>7.2.3</p>	<p>Gradiënt = <math>\frac{4-1}{1-0}</math> ✓✓A of <math>\frac{1-(-2)}{0-(-1)}</math> ✓✓A of <math>\frac{4-(-2)}{1-(-1)}</math> ✓✓A  of <math>\frac{1-4}{0-1}</math> ✓✓A of <math>\frac{-2-1}{-1-0}</math> ✓✓A of <math>\frac{-2-4}{-1-1}</math> ✓✓A  Gradiënt = 3 ✓KA</p>	<p>Vervanging van punte: 2 punte Antwoord: 1 punt Slegs antwoord : 3 punte</p>	<p>(3)</p>
<p>7.2.4</p>	<p>Gradiënt van ewewydige lyn = Gradiënt van lyn ABC  = 3 ✓KA  Vergelyking: <math>y = 3x + 4</math> ✓✓KA</p>	<p>Gradiënt van ewewydige lyn=3: 1 punt <math>3x</math>: 1 punt 4: 1 punt Slegs antwoord : 3 punte</p>	<p>(3)</p>
<p><b>[13]</b></p>			

**VRAAG 8**

<p>8.1</p>	<p>Koste vir 9 boeke = R135  Koste vir 1 boek = <math>R135 \div 9</math>  = R15 ✓M  Koste vir 15 boeke = <math>15 \times R15</math> ✓KA  = R225 ✓KA</p>	<p><math>R135 \div 9 = R15</math>: 1 punt  Berekening: 1 punt  Antwoord: 1 punt</p>							
<p>of</p>									
<table border="1" data-bbox="268 1541 1023 1686"> <thead> <tr> <th>Aantal boeke</th> <th>Koste in R</th> </tr> </thead> <tbody> <tr> <td>9</td> <td>135</td> </tr> <tr> <td>15</td> <td><math>x</math></td> </tr> </tbody> </table> <p><math>\frac{x}{135} = \frac{15}{9}</math> ✓M  <math>x = \frac{15 \times 135}{9}</math> ✓KA  <math>x = 225</math> ✓KA</p>		Aantal boeke	Koste in R	9	135	15	$x$	<p><math>\frac{x}{135} = \frac{15}{9}</math>: 1 punt  <math>\frac{15 \times 135}{9}</math>: 1 punt  Antwoord: 1 punt</p>	<p>(3)</p>
Aantal boeke	Koste in R								
9	135								
15	$x$								



8.2	$\text{Persentasie} = \frac{48}{60} \times \frac{100}{1} \checkmark \mathbf{M}$ $= 80\% \checkmark \mathbf{A}$	$\text{of Breukdeel} = \frac{48}{60} = \frac{4}{5} \checkmark \mathbf{M}$ $\text{Persentasie} = 80\% \checkmark \mathbf{A}$	$\frac{48}{60} \times \frac{100}{1}: 1 \text{ punt}$ <p>Antwoord: 1 punt Slegs antwoord: 2 punte</p>	(2)														
8.3	$\text{Vermeerderde bedrag} = R1\,200 + \left(\frac{20}{100} \times R1\,200\right)$ $= R1\,200 + R240 \checkmark \mathbf{M}$ $= R1\,440 \checkmark \mathbf{KA}$		$R240: 1 \text{ punt}$ <p>Antwoord: 1 punt</p>	(2)														
		of																
	$\text{Vermeerderde bedrag} = 120\% \text{ van } R1\,200$ $= \frac{120}{100} \times R1\,200 \checkmark \mathbf{M}$ $= R1\,440 \checkmark \mathbf{KA}$		$\frac{120}{100}: 1 \text{ punt}$ <p>Antwoord : 1 punt</p>															
		of																
	$20\% \text{ van } R1\,200 = R240 \checkmark \mathbf{M}$ $\text{Vermeerderde bedrag} = R1\,200 + R240$ $= R1\,440 \checkmark \mathbf{KA}$		$R240: 1 \text{ punt}$ <p>Antwoord: 1 punt Slegs antwoord: 2 punte</p>															
8.4	$A = P(1 + i)^n$ $= R10\,000(1 + 0,065)^3 \checkmark \checkmark \checkmark \mathbf{M}$ $= R10000(1,065)^3$ $= R12\,079,50 \checkmark \mathbf{KA}$ $SR = A - P$ $= R12\,079,50 - R10\,000$ $= R2\,079,50 \checkmark \mathbf{KA}$		$P = R10\,000: 1 \text{ punt}$ $i = 0,065: 1 \text{ punt}$ $n = 3: 1 \text{ punt}$ <p>Berekening van A: 1 punt Antwoord: 1 punt</p>	(2)														
		of																
	$A = P \left(1 + \frac{r}{100}\right)^n$ $= R10\,000 \left(1 + \frac{6,5}{100}\right)^3 \checkmark \checkmark \checkmark \mathbf{M}$ $= R10\,000(1,065)^3$ $= R12\,079,50 \checkmark \mathbf{KA}$ $SR = A - P$ $= R12\,079,50 - R10\,000$ $= R2\,079,50 \checkmark \mathbf{KA}$		$P = R10\,000: 1 \text{ punt}$ $r = \frac{6,5}{100}: 1 \text{ punt}$ $n = 3: 1 \text{ punt}$ <p>Berekening van A: 1 punt Antwoord: 1 punt</p>															
		of																
	<table border="1"> <tr> <td>Jaar 1:</td> <td>R10 000,00</td> </tr> <tr> <td>Rente @ 6,5%</td> <td>+ R 650,00 <math>\checkmark \mathbf{M}</math></td> </tr> <tr> <td>Jaar 2:</td> <td>R10 650,00</td> </tr> <tr> <td>Rente @ 6,5%</td> <td>+ R 692,25 <math>\checkmark \mathbf{M}</math></td> </tr> <tr> <td>Jaar 3:</td> <td>R11 342,25</td> </tr> <tr> <td>Rente @ 6,5%</td> <td>+ 737,25 <math>\checkmark \mathbf{M}</math></td> </tr> <tr> <td colspan="2" style="text-align: center;">Finale Bedrag = R12 079,50 <math>\checkmark \mathbf{KA}</math></td> </tr> </table>	Jaar 1:	R10 000,00	Rente @ 6,5%	+ R 650,00 $\checkmark \mathbf{M}$	Jaar 2:	R10 650,00	Rente @ 6,5%	+ R 692,25 $\checkmark \mathbf{M}$	Jaar 3:	R11 342,25	Rente @ 6,5%	+ 737,25 $\checkmark \mathbf{M}$	Finale Bedrag = R12 079,50 $\checkmark \mathbf{KA}$			$R650 : 1 \text{ punt}$ $R692,25 : 1 \text{ punt}$ $R737,25 : 1 \text{ punt}$ $A = R12\,079,50 : 1 \text{ punt}$	(5)
Jaar 1:	R10 000,00																	
Rente @ 6,5%	+ R 650,00 $\checkmark \mathbf{M}$																	
Jaar 2:	R10 650,00																	
Rente @ 6,5%	+ R 692,25 $\checkmark \mathbf{M}$																	
Jaar 3:	R11 342,25																	
Rente @ 6,5%	+ 737,25 $\checkmark \mathbf{M}$																	
Finale Bedrag = R12 079,50 $\checkmark \mathbf{KA}$																		
	$SR = A - P$ $= R12\,079,50 - R10\,000$ $= R2\,079,50 \checkmark \mathbf{KA}$ <p>of</p> $SR = R650,00 + R692,25 + R737,25$ $= R2\,079,50 \checkmark \mathbf{KA}$		$SR = R2\,079,50: 1 \text{ punt}$															
				[12]														

**VRAAG 9**

9.1.1	gelykbenige ✓A		Antwoord: 1 punt	(1)									
9.1.2	stomphoekige ✓A		Antwoord: 1 punt	(1)									
9.1.3	reghoekige ✓A		Antwoord: 1 punt	(1)									
9.1.4	gelykvormig ✓A		Antwoord: 1 punt	(1)									
9.2.1	$\hat{B}_1 = \hat{C}$ ✓A		Korrekte bewering: 1 punt Penaliseer as die hoek teken weggelaat is.	(1)									
9.2.2	$\hat{D}_2 = \hat{B}_2$ ✓A		Korrekte bewering: 1 punt	(1)									
9.3	$\hat{B} + 60^\circ + 40^\circ = 180^\circ$ ✓M $\hat{B} = 80^\circ$ ✓A		Bewering: 1 punt $\hat{B} = 80^\circ$ : 1 punt Slegs antwoord: 2 punte Penaliseer as die grade teken weggelaat is.	(2)									
9.4	<table border="1"> <thead> <tr> <th>Bewering</th> <th>Rede</th> </tr> </thead> <tbody> <tr> <td><math>\hat{B}_1 = 180^\circ - 118^\circ = 62^\circ</math></td> <td><math>A\hat{B}C</math> is 'n gestrekte <math>\angle</math> of <math>\angle e</math> op 'n reguit lyn of aang. suppl. <math>\angle e</math> ✓A</td> </tr> <tr> <td><math>\hat{B}_1 + \hat{A} = 126^\circ</math> ✓A</td> <td>buite <math>\angle</math> van <math>\Delta</math> ✓A</td> </tr> <tr> <td><math>62^\circ + \hat{A} = 126^\circ</math> ✓KA</td> <td></td> </tr> <tr> <td><math>\therefore \hat{A} = 64^\circ</math> ✓KA</td> <td></td> </tr> </tbody> </table>	Bewering	Rede	$\hat{B}_1 = 180^\circ - 118^\circ = 62^\circ$	$A\hat{B}C$ is 'n gestrekte $\angle$ of $\angle e$ op 'n reguit lyn of aang. suppl. $\angle e$ ✓A	$\hat{B}_1 + \hat{A} = 126^\circ$ ✓A	buite $\angle$ van $\Delta$ ✓A	$62^\circ + \hat{A} = 126^\circ$ ✓KA		$\therefore \hat{A} = 64^\circ$ ✓KA		<p>Rede: 1 punt</p> <p><math>126^\circ</math>: 1 punt</p> <p>Rede: 1 punt</p> <p>Vervanging: 1 punt</p> <p>Antwoord: 1 punt</p>	(5)
Bewering	Rede												
$\hat{B}_1 = 180^\circ - 118^\circ = 62^\circ$	$A\hat{B}C$ is 'n gestrekte $\angle$ of $\angle e$ op 'n reguit lyn of aang. suppl. $\angle e$ ✓A												
$\hat{B}_1 + \hat{A} = 126^\circ$ ✓A	buite $\angle$ van $\Delta$ ✓A												
$62^\circ + \hat{A} = 126^\circ$ ✓KA													
$\therefore \hat{A} = 64^\circ$ ✓KA													
				[13]									

**VRAAG 10**

10.1	sy, sy, sy ✓A sy, ingeslote hoek, sy ✓A hoek, hoek, sy ✓A regte hoek, skuinssy, sy	of of of of	s s s ✓A s $\angle$ s ✓A $\angle \angle$ s ✓A $90^\circ$ ss (skuinssy) s ✓A	of s h s ✓A of h h s ✓A	1 punt elk	(4)
------	---	----------------------	--	----------------------------	------------	-----

10.2	<table border="1"> <thead> <tr> <th>Bewering</th> <th>Rede</th> </tr> </thead> <tbody> <tr> <td>           In <math>\Delta ABT</math> en <math>\Delta ACT</math>  <math>BT = TC</math> ✓A  <math>\hat{T}_1 = \hat{T}_2</math> ✓A  <math>AT = AT</math> ✓A  <math>\therefore \Delta ABT \equiv \Delta ACT</math> </td> <td>           gegee            gegee <math>AT \perp BC</math>            gemeenskaplik  <math>s \angle s</math> ✓A         </td> </tr> </tbody> </table>	Bewering	Rede	In $\Delta ABT$ en $\Delta ACT$ $BT = TC$ ✓A $\hat{T}_1 = \hat{T}_2$ ✓A $AT = AT$ ✓A $\therefore \Delta ABT \equiv \Delta ACT$	gegee gegee $AT \perp BC$ gemeenskaplik $s \angle s$ ✓A	<p>Korrekte bewering: 1 punt</p> <p>Korrekte bewering: 1 punt</p> <p>Korrekte bewering: 1 punt</p> <p>Korrekte rede: 1 punt</p>	(4)
Bewering	Rede						
In $\Delta ABT$ en $\Delta ACT$ $BT = TC$ ✓A $\hat{T}_1 = \hat{T}_2$ ✓A $AT = AT$ ✓A $\therefore \Delta ABT \equiv \Delta ACT$	gegee gegee $AT \perp BC$ gemeenskaplik $s \angle s$ ✓A						
				[8]			

**VRAAG 11**

11.1	Bewering	Rede	LW: Aanvaar die bewerings in 11.1.1; 11.1.2 en 11.1.3 in enige volgorde  Korrekte bewering: 1 punt Korrekte rede : 1 punt Korrekte bewering: 1 punt Korrekte rede : 1 punt LW: Moenie penaliseer as hulle $DE \parallel BC$ uitlaat nie, omdat daar net een paar ewewydige lyne is  Korrekte bewering: 1 punt Korrekte rede : 1 punt  Korrekte rede : 1 punt
	In $\triangle ABC$ en $\triangle ADE$		
	11.1.1 $\hat{A} = \hat{A} \checkmark \mathbf{A}$	gemeenskaplik $\checkmark \mathbf{A}$	
	11.1.2 $\hat{B} = \hat{D}_2 \checkmark \mathbf{A}$	ooreenk. $\angle e$ en $DE \parallel BC \checkmark \mathbf{A}$	
	11.1.3 $\hat{C} = \hat{E}_2 \checkmark \mathbf{A}$	ooreenk. $\angle e$ en $DE \parallel BC$ of som van $\angle e$ van $\triangle \checkmark \mathbf{A}$	
$\triangle ABC \parallel \triangle ADE$	11.1.4 $\angle \angle \angle \checkmark \mathbf{A}$		

(7)

11.2	Bewering	Rede	Korrekte verhouding: 1 punt elk  Vervanging: 1 punt LM die onderwerp van die vergelyking: 1 punt  Antwoord: 1 punt
	$\frac{KL}{DE} \checkmark = \frac{LM}{EF} \checkmark = \frac{KM}{DF} \mathbf{M}$	eweredige sye van gelykvormige driehoeke	
	$\frac{LM}{7} = \frac{5}{2,5} \checkmark \mathbf{M}$		
	$LM = \frac{7^{(5)}}{2,5} \text{ cm} \checkmark \mathbf{M}$		
	$= 14 \text{ cm} \checkmark \mathbf{KA}$		
	of		
	$\frac{DE}{KL} \checkmark = \frac{EF}{LM} \checkmark = \frac{DF}{KM} \mathbf{M}$	eweredige sye van gelykvormige driehoeke	
	$\frac{2,5}{5} = \frac{7}{LM} \checkmark \mathbf{M}$		
	$LM = \frac{7^{(5)}}{2,5} \text{ cm} \checkmark \mathbf{M}$		
	$LM = 14 \text{ cm} \checkmark \mathbf{KA}$		

(5)

[12]

VRAAG 12

12.1.1	In $\Delta PQT$ : $PT^2 = PQ^2 - QT^2 \checkmark M$ Pythagoras $PT^2 = 10^2 - 6^2 \text{ cm}^2 \checkmark M$ $PT^2 = 64 \text{ cm}^2 \checkmark KA$ $PT = \sqrt{64} \text{ cm}$ $PT = 8 \text{ cm} \checkmark KA$	Formule: 1 punt Vervanging: 1 punt Berekening: 1 punt  $PT = 8 \text{ cm}$ : 1 punt Slegs antwoord: 4 punte	(4)
12.1.2	In $\Delta PTR$ : $PR^2 = PT^2 + TR^2 \checkmark M$ Pythagoras $= 8^2 + 15^2 \text{ cm}^2 \checkmark M$ $= 289 \text{ cm}^2 \checkmark KA$ $PR = \sqrt{289} \text{ cm}$ $PR = 17 \text{ cm} \checkmark KA$	KA vanaf 12.1.1 as $PT \neq 8$ Formule: 1 punt Vervanging: 1 punt Berekening: 1 punt  $PR = 17 \text{ cm}$ : 1 punt Slegs antwoord: 4 punte	(4)
12.2.	Oppervlakte van 'n sirkel = $120,7 \text{ cm}^2$ $\pi r^2 = 120,7 \text{ cm}^2 \checkmark M$ $\therefore r^2 = \frac{120,7 \text{ cm}^2}{\pi} \checkmark M$ $\therefore r \approx 6,20 \text{ cm} \checkmark A$	Vervanging: 1 punt Deling deur $\pi$ : 1 punt Antwoord: 1 punt Penaliseer vir verkeerde afronding Slegs antwoord: 3 punte	(3)
12.3.1	Oppervlakte van $\Delta ABC = \frac{BC \times AD}{2}$ $= \frac{24 \times 10}{2} \text{ cm}^2 \checkmark M$ $= 120 \text{ cm}^2 \checkmark A$ of Oppervlakte van $\Delta ABC = \frac{1}{2}(BC \times AD)$ $= \frac{1}{2}(24 \times 10) \text{ cm}^2 \checkmark M$ $= 120 \text{ cm}^2 \checkmark A$	Formule/ Vervanging: 1 punt  Antwoord: 1 punt Slegs antwoord: 2 punte	(2)
12.3.2	4 keer $\checkmark A$	Antwoord: 1 punt	(1)
			[14]

VRAAG 13

	$2l + 2b = 46$ $l + b = 23$ $2x + 5 + x + 6 = 23 \checkmark M$ $3x + 11 = 23$ $3x = 12$ $x = 4 \checkmark KA$ Oppervlakte = $l \times b$ $= 13 \times 10 \text{ cm}^2 \checkmark KA$ $= 130 \text{ cm}^2 \checkmark KA$	Formule/ vervanging: 1 punt  $x = 4$ : 1 punt  Formule/ vervanging: 1 punt Antwoord: 1 punt	(4)
			[4]

Totaal: 140

PolyMathic

Vraestel 3

Okt/Nov

Eksamen

PolyMathic

**Totaal: 150**

**Tyd: 3ure**

**Vraag 1**

**Getalle**

1.1. Identifiseer alle rasionale getalle in die volgende lys en skryf die antwoord(e) neer.

$$5\frac{1}{3}; 9\pi; \sqrt{20}; 1,23 \dots; -5; \sqrt{9} \quad (1)$$

1.2. Skryf die derdemagswortel van -125 neer. (1)

1.3. Skryf **40** as die **SOM** van twee priemgetalle.

Noem slegs twee voorbeelde (2)

1.4. Skryf 100 as 'n produk van sy priemfaktore. Toon alle berekeninge. (3)

1.5. Dui  $2\frac{3}{4}$  aan as 'n desimale breuk, sonder om 'n sakrekenaar te gebruik. (1)

**[8]**

**Vraag 2**

**Verhoudings**

2.1. Ses liter verf word gebruik om  $42\text{m}^2$  muuroppervlakte te verf. Bereken die hoeveelheid verf wat gekoop moet word om  $168\text{m}^2$  te verf. (2)

2.2. 'n Motor gebruik 25 liter petrol om 'n afstand van 274 km af te lê. Bereken hoeveel petrol die motor sal gebruik om 'n afstand van 160 km af te lê. (2)

2.3. As 8 koeie 16 sakke voer in 6 dae vreet, hoe lank sal dit 20 koeie neem om dieselfde aantal sakke voer te vreet? (2)

2.4. Vyftien pompe kan 'n reservoir in 12 ure leeg pomp. Hoe lank sal dit tien pompe neem? (2)

**[8]**

**Vraag 3**

**Finansiële Wiskunde**

3.1. R 16 000 word vir 4 jaar teen 12% per jaar belê. Bereken die waarde van die belegging as die rente soos volg bereken volg.

3.1.1. enkelvoudige rente  $A = P(1 + i \times n)$  (3)

3.1.2. saamgestelde rente  $A = P(1 + i)^n$  (3)

3.2. Ek benodig £1 000 vir my toer na Engeland. Hoeveel rand moet ek daarvoor betaal as die wisselkoers: £ 1 = R 11, 20. (2)

3.3. Watter belegging is die voordeligste? Toon alle berekeninge.

**R 1 200 word belê teen 8% p.j enkelvoudige rente vir 3 jaar OF teen 7% p.j saamgestelde rente vir 3 jaar.** (7)

[15]

#### **Vraag 4 Algebra, Eksponente, Funksies en Patrone**

4.1. Vereenvoudig (gee die antwoord met positiewe eksponente):

4.1.1.  $3^{1-x} \times 3^{2+2x} \times 3^{4-x}$  (4)

4.1.2.  $\frac{12a^8b}{6a^4b^5}$  (3)

4.1.3.  $(-4y^{-4}) \times (3y^8)$  (2)

4.1.4.  $\frac{-12ab^2c^3}{3a^{-1}b^3c}$  (4)

4.2. Faktoriseer die volgende volledig:

4.2.1.  $9a^2 - 3ab^2$  (2)

4.2.2.  $2a(x - 4) - b(4 - x)$  (3)

4.3. Vereenvoudig:

4.3.1.  $(2x + y)(2x - 4y)$  (3)

4.3.2.  $(2y - 3)^2$  (3)

4.4. Los op vir x:

4.4.1.  $12 - (x - 2) = 16$  (3)

4.4.2.  $\frac{a+3}{4} - \frac{(a+2)}{8} = \frac{a-1}{2}$  (5)

4.5. Bestudeer die volgende tabel.

4.5.1. Voltooi die onderstaande tabel deur die waarde van (p) en (q) neer te skryf. (2)

X	1	2	3	8	(q)
Y	7	10	13	(p)	79


4.5.2. Skryf die formule wat die patroon in (4.5.1) tabel voorstel, neer. (1)

[35]

### Vraag 5 Funksies en Grafieke

5.1. Bepaal die vergelyking van die volgende reguitlyn:

5.1.1. (2)





5.2. Kyk na die volgende twee vergelykings en antwoord die vrae wat volg:

$$y = 2x - 2$$

$$x = -1$$

5.2.1. Maak 'n akkurate skets van die twee lyne en dui die sny punte met die asse duidelik aan.

Gebruik die grafiekpapier wat voorsien word. (5)

5.2.2. Bepaal die koördinaat van die punt waar die twee lyne mekaar sny. (2)

**[9]**

### Vraestel 3 - Afdeling B


#### VRAAG 1

By elke vraag word vier moontlike antwoorde verskaf, aangedui deur A, B, C en D.  
Kies slegs daardie antwoord wat jy as die korrekte of beste beskou en skryf die nommer en die korrekte letter neer.


1.1 Die onderstaande vierkant bestaan uit vier identiese reghoeke en 'n kleiner vierkant.

As die lengte en breedte van elke reghoek onderskeidelik 6 eenhede en 2 eenhede is, dan is die oppervlakte van die kleiner vierkant:

- |   |    |   |     |
|---|----|---|-----|
| A | 16 | B | 64  |
| C | 48 | D | 320 |



1.2 Die Suid- Afrikaanse vlag mag horisontaal of vertikaal soos aangedui word.




Die transformasie wat hierbo getoon is, is 'n:

- A rotasie  $90^\circ$  / rotation  $90^\circ$
- B Translasie / Translation
- C Refleksie / Reflection
- D rotasie  $180^\circ$  / rotation  $180^\circ$

1.3 Bestudeer die volgende figuur.


Die oppervlakte van die ingekleurde gedeelte is:

- A 80,00                      B 48
- C 29,76                      D 66,27



1.4 Die sirkeldiagram toon die mees populêre vakke van die 120 graad 9 leerders by Hoërskool Horison. As  $72^\circ$  in die diagram die studente voorstel wat Geskiedenis verkies en  $126^\circ$  die studente voorstel wat Engels verkies, watter breuk van die sirkeldiagram stel studente voor wat Geskiedenis verkies?

- A  $\frac{5}{1}$                               B  $\frac{1}{5}$
- C  $\frac{1}{7}$                               D  $\frac{1}{3}$




1.5 Watter van die volgende stellings is NIE 'n voorwaarde vir kongruensie in driehoeke nie?

- A sy; sy ; sy
- B sy; hoek; sy
- C  $90^\circ$ , skuinssy; sy
- D hoek; hoek; hoek

[ 5 x 2 = 10 ]

## VRAAG 2 Omtrek en Oppervlakte

Die diagram toon 'n ry van drie gelykvormige driehoeke. Al die klein driehoeke is kongruent.



- 2.1 Voltooi die tabel hieronder deur uit te vind uit hoeveel klein driehoeke elke figuur bestaan. ( Teken die tabel oor op jou folio).

Figuur	Aantal driehoeke
1	1
2	
3	

- 2.2 Die ry gelykvormige driehoeke word uitgebrei tot die 8<sup>ste</sup> figuur. Hoeveel klein driehoeke word vir figuur 8 benodig? ( 2 )
- 2.3 Bereken die omtrek van al drie gegewe figure. ( 3 )
- 2.4 Bereken die oppervlakte van die 8<sup>ste</sup> figuur. ( 3 )


[ 10 ]

### VRAAG 3 Transformasies

3.1 Beskryf die volgende transformasie in woorde:

$$(x ; y) \longrightarrow (x - 7 ; y + 2) \quad (3)$$

3.2 Beskou driehoek ABC in die diagram hieronder:



3.2.1 Gee die koördinate van A. (1)

3.2.2 As  $\triangle ABC$  4 eenhede na regs en 2 eenhede afwaarts getransleer word, wat is die nuwe koördinate van die beeld van punt A (2)

3.2.3 Gebruik die gegewe grafiekpapier en teken die transformasie wat plaasvind:

3.2.3.1 Reflekteer  $\triangle ABC$  in die y-as. (2)


3.2.3.2 Roteer  $\triangle ABC$  deur 'n hoek van  $180^\circ$  om die oorsprong en gee die nuwe koördinate van punt C. (4)

[ 12 ]

**VRAAG 4** Pythagoras, Volume en Buite-oppervlakte


- 4.1 'n Radiomas is 35m hoog. 'n Ankerpen word 15m van die radiomas ingekap. Bereken die lengte van die ankerdraad korrek tot 2 desimale plekke.

(3)



- 4.2 'n Silindriese blik wat baba melkpoeier bevat het 'n radius van 8cm en 'n hoogte van 20cm. As daar 'n gaping van 3cm tussen die poeier en die deksel van die blik is, bereken die volume van die melkpoeier. Gee jou antwoord korrek tot 2 desimale plekke.


(4)



6

- 4.3 Bepaal die totale buite-oppervlakte van die onderstaande figuur. Die radius is 2m en die hoogte is 13m.

(6)




[ 13 ]



**VRAAG 6** Gelykvormigheid en Kongruensie


6.1 Bepaal die lengtes van die gemerkte sye van die volgende gelykvormige driehoeke.



(4)

6.2 Bewys die volgende:

$$\triangle ABC \cong \triangle RPQ$$



(5)

[9]



## VRAAG 7 Waarskynlikheid

Bestudeer 'n eksperiment waar 'n standard dobbelsteen met elke poging EEN keer gegooi word. Die onderskeie kante van die dobbelsteen is van 1 tot 6 genommer. Ons neem aan dat die dobbelsteen akkuraat is.

- 7.1 Wat sal die waarskynlikheid wees dat die **6** na bo sal wys as die dobbelsteen een keer gegooi word. ( 1 )
- 7.2 Wat sal die waarskynlikheid wees dat 'n EWEGETAL na bo sal wys as die dobbelsteen gegooi word? ( 2 )
- 7.3 Wat sal die waarskynlikheid wees dat 'n PRIEMGETAL na bo sal wys as die dobbelsteen gegooi word? ( 2 )

[ 5 ]

# Vraestel 3 Memo - Afdeling A

November

Tyd: 1.5h

Punte: 75

## Vraag 1

1.1	$5\frac{1}{3}; -5; \sqrt{9}$	1 Al drie reg	(1)
1.2	-5	1 A	(1)
1.3	$11 + 29; 17 + 23; 3 + 37$	1 per som	(2)
1.4	$2^2 \times 5^2$	1 vir 2 1 vir 3 1 vir $5^2$	(3)
1.5	$2\frac{3}{4} = 2,75$	1 A	(1)

[8]

## Vraag 2

2.1	$42 : 168$ $6 : x$ $\frac{168}{42} \times 6 = 24 l$	1 Deling 1 A	(2)
2.2	$\frac{25}{274} \times 160 = 14,6 l$	1 Deling 1 A	(2)
2.3	$\frac{8}{20} \times 6 = 2,4 dae$	1 Deling 1 A	(2)
2.4	$\frac{15}{10} \times 12 = 13 ure$	1 Deling 1 A	(2)

[8]

## Vraag 3

3.1.1	$A = P(1 + i \times n)$ $A = 16\,000(1 + 0.12 \times 4)$ $A = R\,23\,680$	2 Instelling 1 A	(3)
3.1.2	$A = P(1 + i)^n$ $A = 16\,000(1 + 0.12)^4$ $A = 25\,176,309$ $A = R\,25\,176,31$	2 Instelling 1 A (afgeronde antwoord)	(3)
3.2	$1\,000 \times 11.20 = R11\,200$	1 vir produk 1 A	(2)
